Graad 1

DIAS (A)

Graad 1

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. bewus te maak van sy volk se herkoms.
2. bekend te stel hoe sy volk ontdek is.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Weet wat 'n seevaarder is en van watter land Dias afkomstig was.
2. Weet hoe die skepe in Dias se tyd gelyk het.
3. Weet van die gevare waaraan seevaardes in Dias se tyd blootgestel was.
4. Weet waar Dias padrão's opgerig het, en dat daar vandag slegs replikas is.
5. Die verhaal van die posboom te Mosselbaai oorvertel.
6. Verduidelik wat die invloed van Portugese ontdekkers in Suid-Afrika was.
7. Kennis maak met die volgende deur middel van foto's, prente of 'n besoek:
   - Dias-standbeeld.
   - 'n Dias-kruis.
   - Die Posboom.
8. Maak 'n model van 'n padrão. (Dias-kruis)

C AANBIEDING

1. Vereistes 1 tot 3. Dit is teoretiese kennis wat met gesprekke, stories, vertellings en praatjies oorgedra kan word. Laat die span prente en foto's versamel oor die onderwerpe en maak 'n spanplakboek. Verduidelik wat 'n karveel is. Verskeie boeke, video's en DVD's oor die seevaarders is in die handel beskikbaar.
2. Vereiste 4. Verduidelik wat 'n padrão is en wat 'n replika is,
3. Vereiste 5. Verduidelik wat die Posboom is, waar dit is en watter soort boom dit is.
4. Vereiste 6. Opdrag duidelik.
5. Vereiste 7. Besoek die monumente en gedenkwaardighede indien dit moontlik is. Soos die museum te Mosselbaai en Dias-kruise. Indien 'n besoek nie moontlik is nie maak 'n deeglike studie van die monument met behulp van foto's sodat die kind die monument sal herken wanneer hy eendag daar kom.
6. Maak 'n model uit klei, gips of papierpap.